SPORT

GHOLF

“Dit maak nie saak hoe goed jy word nie, jy kan altyd beter word, en dit is die opwindende deel” – Tiger Woods

Gholfproewe vind aan die einde van Kwartaal 3 plaas. Leerders by Laerskool Elarduspark neem elke jaar deel aan die Oos-Distrik Gholf Liga. Dit vind in die vierde kwartaal plaas. Die top agt leerders verteenwoordig die skool teen die beste skole in die Ooste. Daar word Maandae op verskeie bane in Pretoria gespeel en die wedstryde strek oor vier weke. Nog ‘n hoogtepunt by Laerskool Elarduspark is die Super 12 - kompetisie wat ook jaarliks in die vierde kwartaal plaasvind. Hier speel die beste vier gholfers van die skool teen die beste van die beste. Die kompetisie strek oor twee dae en leerders groei volwaardig in jong, opkomende sportsterre. Die skoolspanne, sowel as individuele spelers wat seuns en dogters insluit, presteer eweneens puik in toernooie.

DOEL VAN GHOLF

Wat beteken gholf vir ons skool se gholfspelers? Gholf is vir baie spelers soos ‘n toevlugsoord; wanneer ek op die baan uitkom is dit net ek, die baan en die spel; ek is vir daardie tydperk in ‘n ander wêreld. Ons filosofie is om etiese en talentvolle gholfspelers te kweek asook om ‘n liefde vir gholf by die leerders aan te wakker. Die klem van gholf op laerskoolvlak val op die bekendstelling van leerders aan gholf en die ontwikkeling van basiese gholf vaardighede. Ons wil verseker dat elke gholfspeler tot hulle volle potensiaal sal ontwikkel en tot ‘n trotse gholfer kan groei wat die waardes van hierdie sport kan uitleef.

HOEKOM AAN GHOLF DEELNEEM?

Gholf verbeter spelers se aandagspan en volharding. Gholf bou die karakter van ons sportsterre en belangrike lewenslesse word daaruit geleer. Deurgaans word ‘n goeie sportmangees by spelers aangemoedig. Die belangrikste is egter dat gholf pret is vir die spelers.

TOOT
TOOT!!